

'n Tipologie van veralgemening in die literatuurwetenskap*

Leon Strydom

Opsomming

Omdat wetenskapsbeoefening onmoontlik is sonder veralgemening, en toetsbaarheid 'n onderskeidende kenmerk is van wetenskaplike kommunikasie, word die vraag gestel, enersyds, na die aard, funksie en voorwaardes vir korrekte gebruik van die veralgemening in die literatuurwetenskap, en andersyds, na die verband daarvan met die ondersoeksiklus as navorsingsmodel by uitstek. Ter beantwoording van die vraag word by wyse van logiese analise 'n tipologie van veralgemeningen uitgewerk en twee ideaaltypes onderskei, t.w. die empiriese konklusie en die teoretiese veronderstelling. Die sistematiese verband daarvan met die basiese komponente van die literatuurwetenskap word ook aangedui.

Summary

As scientific practice is impossible without generalization, and as testability is a distinctive feature of scientific communication, the question arises, on the one hand, concerning the nature, the function and the conditions for correct use of generalization in the science of literature, and on the other hand, concerning its relationship to the cycle of enquiry as the most acceptable research model. By way of logical analysis a typology of generalizations has been postulated in reply to the question, and two ideal types have been distinguished, namely the empirical conclusion and the theoretical presupposition. Also indicated, is the systematic relation between the typology and the basic components of the science of literature.

Ek het besluit om 'n logiese analise te maak van die *veralgemening* as talige instrument van die navorsing *omdat wetenskap aanvaar word as 'n onderskeidende soort kommunikasie*¹ waarin die *veralgemening onmisbaar is*.² Dit word gedoen teen die agtergrond van die *ondersoeksiklus*³ wat heen en weer beweeg tussen algemene opvattings en empiriese detail, met voortdurende verfyning en ontwikkeling in elke stadium. Want dié navorsingsmodel⁴ met sy hipotese-genererende en hipotese-toetsende komponente wat voorsiening maak vir herhaalde denke en herhaalde waarneming, veronderstel tereg dat absolute geldigheid⁵ onbereikbaar is in empiriese wetenskapsbeoefening – Popper se *fallibilist thesis* – én dat 'n wetenskaplike antwoord altyd korrespondeer met 'n onderskeidende ondersoekmetodologie en dus relatief is. Juis daarom vereis dié model dat alle uitsprake eksplisiet geformuleer moet word om kontroleerbaar te kan wees en sodoende die kontinuïteit en ontwikkeling van die wetenskaplike gesprek te verseker. Oversteegen (1980:23) skryf immers (en ek kursiveer): 'In de wetenschap blijft de norm van de bespreekbaarheid (diskutabiliteit) van de uitspraken (...) een onontkoombare eis, *omdat einduitspraken er niet thuis horen*.' Met ander woorde, die

*Gebaseer op 'n referaat gelewer tydens die elfde driejaarlikse kongres van die International Comparative Literature Association aan die Universiteit van Sorbonne, Augustus 1985.

vraag wat ek wil beantwoord, is: Wat is die aard, funksie en voorwaardes vir korrekte gebruik van die veralgemening in die literatuurwetenskap, en hoe hou dit verband met die ondersoeksiklus as navorsingsmodel by uitstek?

Ter wille van eksplikasie⁶ word die antwoord aangebied in die vorm van 'n *tipologie*.⁷ Die tipologie is 'n konseptuele raamwerk wat verskynsels klassifieer. Sonder om normatief te wees, stel die tipologie 'n prinsipe daar wat die versameling en analise van inligting organiseer. Dié prinsipe is die *ideaaltipe*,⁸ 'n teoretiese konstruksie wat abstraksie veronderstel en fokus op die tipiese (konstante) eerder as die toevallige (veranderlike).

In 'n poging om die veralgemening in die literatuurwetenskap te karakteriseer, onderskei ek twee ideaaltipes: *die empiriese konklusie wat 'n model is van die objek van ondersoek, en die teoretiese veronderstelling wat 'n model is van die navorser se benadering*. Ek gebruik die woord 'model' in die sin van 'n *scientific metaphor* – soos Kaplan (1964:265) dit noem – wat die begripsapparaat⁹ bied vir die bespreking van dít wat gemodelleer word. Juis dié taalafsprake en die ('metaforiese') implisietheid waarmee dit gepaard kan gaan, is die redes waarom eksplikasie van die heuristiese eienskappe van dié modelle 'n voorwaarde is vir die kontinuïteit van die wetenskapsproses, veral omdat die literatuurwetenskap nie die dominasie van 'n enkele paradigma beskore is nie. Die model van die navorser se benadering, implisiet of eksplisiet, slaan naamlik op die wetenskaplike instrumentarium met behulp waarvan die navorser sin maak van die realiteit, op sy verbondenheid tot 'n spesifieke navorsingstradisie (uitgangspunte en doelwitte, metodologiese keuses, ens.). Gesien die metodologie-gebondenheid van resultate, kan kennisname van die benadering beskou word as 'n voorwaarde vir die kontinuïteit van die wetenskaplike gesprek. Popper verwys daarna as die navorser se 'frame of reference', sy 'horizon of expectations'¹⁰ wat die naïewe induktivisme se aanname weerlê dat die objek van ondersoek self die wetenskapsproses rig.

In die toepassing wat volg aan die hand van D.J. Opperman se gedig 'Kersliedjie' – allereers gepubliseer in *Standpunte* 26(1952):47 – word die ideaaltipes voorgestel as die twee uiterste op 'n kontinuum. Dit beteken, andersyds, dat die vereenvoudigde skema van die tipologie verteenwoordigend is van 'n hele *hiërargie* van wetenskaplike konstrukte en strukture¹¹ wat strek vanaf konsepte¹² enstellings aan die kant van die empiriese konklusie tot en met teorieë¹³ en paradigmas aan die kant van die teoretiese veronderstelling. Andersyds beteken dit dat in die praktyk alle veralgemenings by wyse van graadverskille voorkom op die gelyskaal tussen empiriese konklusie en teoretiese veronderstelling, en dus in mindere of meerdere mate kenmerke vertoon van beide tipes, afhangend van die doel wat die wetenskaplike ingedagte het met sy gekose instrument, en dus van die plek daarvan op die gelyskaal. Want die ideaaltipes, gebaseer op polêre konsepte, *komplementeer* mekaar – net soos die hipotese-genererende en hipotese-toetsende komponente van die ondersoeksiklus.¹⁴

KERSLIEDJIE

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo,

I.1
.2

hul kieries en drie bondels gevat en aangestryk met 'n jakkalspad	II.3 .4
al agter die ding wat skuiwend skyn op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,	III.5 .6
oor die sink en die sak van Distrik Ses waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,	IV.7 .8
en daar tussen esels en makriel die krip gesien en neergekniel.	V.9 .10
Die skaapvet, eiers en biltong nederig gelê voor God se klong	VI.11 .12
en die Here gedank in gesang en gebed vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ...	VII.13 .14
Oor die hele affére het uit 'n hoek 'n broeis bantam agterdogtig gekloek.	VIII.15 .16

'n Voorbeeld van 'n empiriese konklusie is die veralgemening dat tyd in die poësie gepresenteer word deur grammatale en tematiese indikasies.¹⁵ Die geldigheid van dié veralgemening is getoets. 'n Analise van die argumentasie sou ongeveer die volgende kan oplewer:

- P2: In gedig x word die tyd aangebied deur die volgende teksfeite ...
 - P3: In gedig y word die tyd aangebied deur die volgende teksfeite ...
 - P3: In gedig z word die tyd aangebied deur die volgende teksfeite ...
- K: In die poësie geskied presentasie van die tyd *meesal* deur middel van grammatale en tematiese aanduidings, i.e. respektiewelik deur werkwoorde en deur woorde en uitdrukkinge met tydsassosiasies.

Dié veralgemening is die resultaat van waarneming, van literére ervaring; die konklusie is geldig as die premissie dit bevestig. Die geldigheid van die konklusie is relatief tot die bewyslewering; hoe meer ondersteunende getuenis, hoe groter die waarskynlikheid dat die konklusie geldig is. Die geldigheid van die empiriese konklusie kan egter nooit absolut wees nie; volledige waarneming is onmoontlik. In dié verband is dit opvallend dat die oorgang van premissie na konklusie, die inferensie dus, meer veronderstel as net waarneming; die konklusie verwys na meer inligting as wat aanwesig is in die premissie.¹⁶

Omdat die empiriese konklusie die objek *beskryf*, bemoontlik dit die *identifikasie*¹⁷ in 'Kersliedjie' van dié tekselemente wat die tydsaanbod konstueer. Binne die raam van verlede tyd in strofes I en VIII, kom voor die teenwoordige tyd (vs. 5: *skyn*, vs. 8: *brand*), word die *het* opvallend verswyg in strofes II, V, VI, VII en verskyn selfs die verlede toekomende tyd (vs. 14: *sou red*). Identifikasie van tematiese tydsanduidings is egter nie so maklik nie, klaarblyklik omdat konseptuele eksplikasie nie onderskeidend was nie. 'n Mens sou kan sê die empiriese konklusie se produktiwiteit berus op sy heuristiese potensiaal, wat weer relatief is tot die mate waarin die empiriese konklusie onderskeidend geformuleer is. Anders gestel: die empiriese konklusie se vermoë om te mislei, neem toe namate dit nie-onderskeidend

geformuleer is. Die ouderdomsassosiasies van *outas* (vs. 1) en *kindjie* (vs. 14) is duidelik, net soos die verband van die titel ‘Kersliedjie’ met Kersfees, en dié van die *ster* (vs. 2) en die *kersie* (vs. 8) met die nag. Maar dit is onmoontlik om op grond van die vermelde veralgemening te konkludeer of woorde soos *engel* (vs. 2), *kieries* (vs. 3), *klip* (vs. 6), *syferfontein* (vs. 6), *stukkende* (vs. 8), *biltong* (vs. 12), *volk* (vs. 14) en *broeis* (vs. 16) ook veronderstel is om tydsindikasies te wees. Dis duidelik dat identifikasie en kategorisering nie bloot meganies geskied nie; dié aktiwiteit impliseer ook interpretasie. En huis omdat die empiriese konklusie hom bemoei met observasieresultate en nie met die sistemativering van wat daaraan voorafgaan nie, dreig die analise – d.w.s. die isolasie van die betekeniskonstituerende elemente van die objek – om arbitrêr en eklekties¹⁸ te verloop.

Die gevare van 'n arbitrière en eklektiese analise sal uiteraard afneem namate die logiese prinsipe van die ander ideaaltipe betrek word. Kyk bv. na die veralgemening dat a-logiese elemente soms aandui dat 'n gedigteks figuurlike taalgebruik behels wat op indirekte wyse 'n boodskap kommunikeer.¹⁹ Indien daar intersubjektiwiteit is oor die konsep, bemoontlik dié veralgemening in ‘Kersliedjie’ nie net die identifikasie en beskrywing van die relevante elemente nie: soos die bantam wat kwansuis *agterdogtig* kloek; soos die Bybelgebeure wat op Suid-Afrikaanse bodem van onlangs afspeel; soos Christus wat gebore word as 'n Kaapse kleurling. Nee, dit koppel ook 'n funksie aan 'n teksverskynsel; dit verklaar, hoe elementêr ook al (d.w.s. analogies, onvoorspelbaar), dié gedigteks as beeldspraak, en beperk sodoende by voorbaat die aantal interpretasiemoontlikhede. As sodanig staan dié veralgemening op die kontinuum verder weg van die ideaaltipiese empiriese konklusie as die veralgemening oor temporele indikasies. Want al is die ontdekingsfunksie steeds dominant, in ondergeskikte verband is 'n voorstel om 'n bepaalde relasie te oorweeg as moontlike oorsaak van die samehang van alle tekselemente ook reeds aanwesig.

'n Voorbeeld van 'n teoretiese veronderstelling is die veralgemening dat die gedigteks se hoëgraad van inligting of optimale organisasie die gevolg is van die konflik tussen outomatisasie (reëlvestiging, ooreenkoms) en de-outomatisasie (reëlverbreking, verskil).²⁰ Die geldigheid van dié veralgemening is toetsbaar. 'n Analise van die argumentasie sou ongeveer die volgende kan oplewer:

- P1: Die teken in die gedigteks dien as 'n mekanisme vir die opberg en oordrag van inligting.
- P2: Die semantiese lading van die gedigteks kan beskryf word in terme van binêre opposisies.
- P3: Die informasie-inhoud van die gedigteks is eweredig aan die getal alternatiewe moontlikhede.
- K: As maksimale informatiwiteit die gedigteks kenmerk (d.w.s. die semantisering of betekenisvolheid van alle tekselemente), dan is die oorsaak daarvan die dialektiese relasie tussen outomatisasie en de-outomatisasie (i.e. dat aan die leser se verwagtings nie voldoen word nie, of slegs gedeeltelik voldoen word).

Dié veralgemening fokus nie op die kenmerke van die objek nie, maar op die onderskeidende benadering waaraan die objek onderwerp word. Dit getuig van literatuurwetenskaplike ervaring; dit benut bestaande veralgemenings as bron vir 'n nuwe veralgemening. Die teoretiese veronderstelling ekspliseer die kondisies vir waarneming; die afloop van die waarneming is naamlik voorspelbaar op voorwaarde dat die geldigheid van die voorgeskrewe benadering aanvaar word. Vandaar die logiese basis van dié veralgemening; as mens die premissie onderskryf, maar die konklusie ontken, weerspreek jy jouself. Die konklusie word afgelei uit die premissie en as sodanig is die konklusie 'n eksplikasie van die premissie; implisiet of eksplisiet is die konklusie reeds daarin aanwesig.²¹ Dit bring enersyds mee dat die teoretiese veronderstelling se toepassingsmoontlikhede gespesifiseer en dus geslote is, in teenstelling met dié van die empiriese konklusie wat ongespesifiseer en dus oop is: die empiriese konklusie berei jou voor op wat jy *kan teëkom*, in teenstelling met die teoretiese veronderstelling wat voorskryf wat jy *moet vind*. Andersyds beteken dit dat die teoretiese veronderstelling slegs akkommodeer wat geantisipeer is, in teenstelling met die empiriese konklusie se ontvanklikheid.

Alhoewel die teoretiese veronderstelling 'n verskynsel *verklaar* deur die *oorsaak* daarvan te bepaal – en let daarop, kousaliteit beteken nie noodwendig dat die mens sy vrye keuse ontneem word nie: 'Causality does not have to entail determinism (Simon, 1982:115)²² – kan bogenoemde veralgemening op 'Kersliedjie' toegepas word eers ná operasionalisering,²³ i.e. eers nadat geëkspliseer is watter procedures die veralgemening meetbaar sal maak in empiriese terme. Daarsonder dreig die teoretiese veronderstelling om in 'n sirkelredenasie te verval en is die kanse skraal om 'n ongeldige premis op te spoor.²⁴ Ná beskrywing van die logiese moontlikhede waarvolgens die automatisasie-de-automatisasie-konflik hom kan realiseer in die onderskeie subtekste van die gedig, verloop toepassing van die teoretiese veronderstelling egter veel meer georganiseerd as wat dit die geval is met die empiriese konklusie. In teenstelling met die empiriese konklusie se deelnemende waarneming wat op soek is na 'n sisteem in die objek, impliseer hantering van die teoretiese veronderstelling afstand: 'n gestandaardiseerde benadering word benut om die objek van ondersoek 'n sisteem op te lê. Die volgende opposities in 'Kersliedjie' sou bv. almal kan dien om die leser se interpretasie te sistematiseer, en regverdig as sodanig die veralgemening: die omvattende en dinamiese perspektiewe geopen deur die drie ligbronne, die *ster* (vs. 2), die *kersie* (vs. 8) en die *Kersliedjie* (titel) in teenstelling met die beperkte en statiese optiek (vs. 16: *uit 'n hoek*) van die bantam (leksikaal-semanties); die *s*-klank wat dominant is maar opvallend afwesig is slegs in vs. 15 met sy vermetele aanspraak (*hele affère*) op totaliteit (fonologies); die vierheffings-vers deurgaans behalwe in vs. 11 met sy drie heffings wat die skamele maar opregte geskenke opnoem, en die opdringerige vs. 16 as die enigste vers waarin die vier heffings voorkom in opeenvolgende woorde (ritmies-metries); die slotstrofe, die *apartheid*-strofe, as die enigste strofe wat korreleer met 'n volsin (strofies); die geskakeldheid en prinsipiële gelykheid van 'the population of this universe' (Lotman, 1976:85) te kenne gegee deur die uitsluitlike

gebruik van die voegwoord 'en' (morfologies-sintakties). 'n Mens sou kan sê die produktiwiteit van die teoretiese veronderstelling berus op sy verklaarspotensiaal – i.e. sy vermoë om *interpretasies te regverdig* deur die meganisme te verskaf wat die interaksie en sintese van alle relevante elemente betekenisvol maak – wat weer relatief is tot die mate waarin dit falsifieerbaar en voorspelbaar²⁵ geformuleer is.

Teen die agtergrond van die voorafgaande kan die tipologie nou soos volg geformaliseer word:

Die empiriese konklusie is 'n model van die objek van navorsing.

(i) • Die empiriese konklusie behels observasieresultate,

d.w.s. dit beantwoord die vraag:

Wat het ek gesien? en as sodanig is dit die resultaat van empiriese waarneming en induksie.

• Die kriterium vir die wetenskaplike status daarvan is: Is dit gegrond (geverifieer)?

(ii) • Die empiriese konklusie is deskriptief ten opsigte van die objek van navorsing; dit beskryf die verskynsel in terme van 'n seleksie van feitelike kenmerke.

• Deurdat die empiriese konklusie bepaal watter elemente die objek (literatuur) konstitueer en sodoende die objek identifiseer, funksioneer dit as heuristiese raam en rig dit die analise.

• Die kriterium vir die wetenskaplike status daarvan is: Is dit toereikend, d.w.s. onderskeidend?

Die teoretiese veronderstelling is 'n model van die navorsingsbenadering.

(i) • Die teoretiese veronderstelling behels observasievoorwaardes,

d.w.s. dit beantwoord die vraag:

Hoe sal ek verstaan wat ek sien? en as sodanig is dit die resultaat van logiese analise en deduksie.

• Die kriterium vir die wetenskaplike status daarvan is: Is dit logies (konsistent)?

(ii) • Die teoretiese veronderstelling is preskriptief ten opsigte van die navorsingsbenadering: op voorwaarde dat die objek ondersoek word in terme van die kousaliteitsbeginsel van die gekose benadering, kan die verskynsel by voorbaat verklaar word.

• Deurdat die teoretiese veronderstelling bepaal watter verbande relevant is vir die benadering (literatuurwetenskap) en sodoende die benadering regverdig, funksioneer dit as verklaringsraam en rig dit die interpretasie.

• Die kriterium vir die wetenskaplike status daarvan is: Is dit falsifieerbaar, d.w.s. voorspelbaar?

Teen die agtergrond van die voorgestelde ondersoeksiklus is dit duidelik waarom die verifieerbare maar beperkte verwysings van die empiriese konklusie en die teoretiese veronderstelling se sistematiese maar spekulatiewe uitgangspunt mekaar in die praktyk moet *komplementeer*. Toepassing van slegs een van die tipes is teen-produktief; dit maak van die ondersoeksiklus 'n logiese onmoontlikheid. Die teoretiese veronderstelling, enersyds, plaas verskynsels in 'n sistematiese verband, maar beskryf nie hulle feitelike kenmerke nie, en kan dus nie die herkenning van die verskynsels in die werklikheid waarborg nie. Andersyds verskaf die empiriese konklusie die deskriptiewe terme wat kommunikasie oor die verskynsels ter sprake moontlik maak, maar sonder die logika van verklaring kan intersubjektiewe, falsifieerbare kommunikasie nie gewaarborg word nie. Instryd met die ondersoeksiklus is ook die logiese konsekvensies van respektiewelik die empiriese konklusie en die teoretiese veronderstelling as ideaaltipes, naamlik, enersyds, die opvatting van wetenskapsbeoefening as die eklektiese akkumulasie van inligting, en andersyds, die opvatting van wetenskapsbeoefening as die deterministiese verabsolutering van 'n *a priori* standpunt.

Dog dié twee konsepte slaan op verskillende aspekte van dieselfde proses; hulle verteenwoordig twee onderskeidende maniere waarop die werklikheid georganiseer word. En deur hulle komplementariteit *korrigeer* hulle in die praktyk mekaar se nadele. In beginsel bestaan teorievrye waarnemings immers nie in die empiriese wetenskappe nie, net so min as probleemoplossings sonder empiriese ervaring. Ontwikkeling en verfyning van albei tipes is prinsipieel moontlik slegs by wyse van wedersydse aanvulling. Die empiriese konklusie is 'n teenvoeter vir onuitvoerbare verklarings; die teoretiese veronderstelling is 'n teenvoeter vir arbitrière waarnemings. Sonder die logika van verklaring kan die konceptualisering van observasietaal nie plaasvind nie; sonder die beskrywing van waarneming is die operasionalisering van metaal nie moontlik nie.

Dié tipologie veronderstel dat daar 'n sistematiese verband is tussen die maniere waarop die literatuurwetenskap homself organiseer en sy instrumente gebruik. Dit kan kortliks aangetoon word deur – teen die agtergrond van wat redelik gangbaar is in die navorsingsgemeenskap – die ondersoekdomain van die literatuurwetenskap af te baken as die literêre kommunikasiessituasie in al sy aspekte, nl. die as literêr gerespieerde teks wat gedekodeer word met behulp van die kodes gehanteer in die produksie- en resepsiekontekste.²⁶ Op hierdie domein open die literatuurwetenskap basies twee perspektiewe,²⁷ naamlik dié van die literatuurteorie en dié van die komparatisme. Die literatuurteorie, streng gesproke, ondersoek die logiese moontlikhede van die onderskeie relasies in die literêre kommunikasiessituasie ten einde gestandaardiseerde ondersoekstrategieë te ontwikkel wat resultate voor spelbaar sal maak, toetsbaar op logiese gronde. Daarteenoor ondersoek die komparatisme, streng gesproke, die historiese manifestasies van die onderskeie relasies in die literêre kommunikasiessituasie ten einde die basiese soorte (intraliterêr en interliterêr) te identifiseer (klassifiseer) wat 'n beskrywing van die proses²⁸ van wêreltliteratuur²⁹ sal bemoontlik wat verifieerbaar is, toetsbaar op empiriese gronde.³⁰

Die verhouding tussen die twee komponente van die literatuurwetenskap kan as *komplementêr* beskryf word (Todorov, 1982:2; Genette, 1982:10). Hulle is 'counterparts' (Mooij, 1980:510); hulle openbaar 'a high degree of interdependence' (Hrushovski, 1976:xxx).³¹ In die praktyk is geen wetenskap immers sonder teorievorming nie, ook nie die komparatisme nie, en is geen wetenskap sonder eksperimentering nie, ook nie die literatuurteorie nie.³² Die literatuurteorie raak onproduktief as hy nie voortdurend vergelykingsmateriaal onder oë kry om te problematiseer nie, net soos die komparatisme nie kan ontwikkel sonder 'n spesifieke teoretiese raam nie. Die subjektiewe leeservaring wat dit moeilik maak vir die komparatisme om objektiewe kennis te produseer, word in dié dialektiek versoen met die metodologiese suiwerheid van die literatuurteorie, terwyl die logiese basis van die literatuurteorie wat dit moeilik maak om histories verantwoorde kennis te produseer, versoen word met die komparatisme se taalafsprake oor waarnemings. Enersyds kontroleer die komparatisme of teoretiese pre-konsepsies nie die persepsie dermate kondisioneer dat die objek geskend word nie; andersyds kontroleer die literatuurteorie of die komparatisme sy onderskeidende benadering ekspliseer. As sodanig bevestig ook dié komplementariteit die groot potensiaal van die ondersoeksiklus waarvolgens eksperimentering en teorievorming mekaar voortdurend kan verbeter.

Ek meen dat die tipologie kan bydra tot die kontinuïteit van die argument in die literatuurwetenskap juis omdat dit kom met voorstelle vir die toets van veralgemenings. Deurdat dit die aard, funksie en voorwaardes vir korrekte gebruik ekspliseer, is dit duidelik, eerstens, dat verrekening van objek én benadering van ondersoek noodsaklik is vir sowel sender as ontvanger in die diskussie; tweedens, dat die onderzoeker, enersyds, dié instrument moet kies wat primêr ontwikkel is om daardie doel wat hy voor oë het te bereik, en andersyds, hantering van die een soort veralgemening nie moet beoordeel in terme van die aard, funksie en gebruiksvoorwaardes van die ander nie. Moontlik sal dié eksplisiële onderskeid van waarneming en waarnemingsvoorraarde selfs tot gevolg hê dat die literatuurwetenskap se berugte lae graad van toetsbaarheid 'n slag bevraagteken word.

Aantekeninge

1. Böhme, 1975: 206: 'In contrast to most other types of communication scientific communication, however, is argumentation: the coherence of communication is the coherence of an argumentative context. This thesis may seem trivial, but that it is not so is shown by the fact that scientific communication is frequently understood to be exchange of information. Even the communication of pure measurement results usually is the adducing of empirical evidence for a hypothesis or even itself an empirical hypothesis for which theoretical arguments have to be brought forward in the publication'.
2. Kaplan, 1964: 85: 'science is a search for constancies, for invariants'; Fokkema, 1974: 258: 'The crucial question, of course, is to what extent hypotheses pertaining to literature have been formulated with a claim to universal, or at least general validity'; Genette, 1982: 9: 'no "science" is possible except a "general" one'.
3. Ellis, 1974: 188–197; Fokkema, 1981: 179.

4. Sellitz *et al.*, 1965: 50: ‘A research design is the arrangement of conditions for collection and analysis of data in a manner that aims to combine relevance to the research purpose with economy in procedure’.
5. Cook en Campbell, 1979: 37: ‘We shall use the concepts *validity* and *invalidity* to refer to the best available approximation to the truth or falsity of propositions ...’
6. Weitz, 1962: 54: ‘If necessary and sufficient conditions for the application of a concept can be stated, the concept is a closed one’; Suppe, 1974: 57–60.
7. McKinney, 1954: 213–243; Rudner, 1966: 54–62; Van Dijk, 1972: 297–323.
8. Max Weber, 1949: 90: ‘An ideal type is formed by the one-sided *accentuation* of one or more points of view and by the synthesis of a great many diffuse, discrete, more or less present and occasionally absent *concrete individual* phenomena, which are arranged according to those one-sidedly emphasized viewpoints into a unified *analytical* construct (*Gedankenbild*)’.
9. Gorrell, 1981: 132: ‘The precursive theoretical model generally provides a universe of discourse or way of talking about certain structural and behavioral aspects of the object or phenomena under investigation. It does so by introducing new terms (...) and implicitly or explicitly specifying their meanings. It also does so by using terms of ordinary language or well-established and familiar theoretical language (from other fields) in slightly new or different ways in describing the modellandum’.
10. Popper, 1963: 46–47: ‘Observation is always selective. It needs a chosen object, a definite task, an interest, a point of view, a problem ... For the animal a point of view is provided by its needs, the task of the moment, and its expectations; for the scientist by his theoretical interests, the special problem under investigation, his conjectures and anticipations, and the theories which he accepts as a kind of background: his frame of reference, his “horizon of expectations”’.
11. Vergelyk bv. Kaplan, 1964: 85–94; Oversteegen, 1980: 12–24.
12. Mouton en Marais, 1985: 126: ‘Konsepte kan omskryf word as die mees elementêre linguale konstruksies (...), die primêre instrumente of gereedskap waardeur die mens die werklikheid in die greep van sy verstand kry’.
13. Kerlinger, 1973:9: ‘A theory is a set of interrelated constructs (concepts), definitions, and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables, with the purpose of explaining and predicting the phenomena’.
14. Margolin, 1980: 583: ‘Kant’s dictum about the relations between concepts and observations applies here too. A general theory without a corresponding specific theory which contains empirical-observational statements is empty: it is a pure conceptual conjecture. Conversely, a quasi-descriptive theory without a general framework is blind: it lacks systematic nature and a sense of direction’.
15. Van Luxemburg *et al.*, 1981: 189–192.
16. Vergelyk Salmon (1973: 14) se karakterisering van induksie:
 - i. ‘If all of the premisses are true, the conclusion is probably true, but not necessarily true.
 - ii. The conclusion contains information not present, even implicitly, in the premisses’.
17. Kaplan, 1964: 85: ‘There is no cognition without recognition, that is, without a constancy of some kind by which what is being known is recognized for what it is. “Recognition is the source of all our natural knowledge”, Whitehead has said’.
18. Vergelyk Ellis (1974: 3–7 en 62–71) wat die ‘shotgun approach’ analiseer en konkludeer: ‘In essence, “wise eclecticism” advocates that we should stop trying to rule that one kind of evidence for a literary interpretation is in principle better

- than another (...) and accept that ad hoc decisions will need to be taken in each case. (As) a theoretical position it is completely untenable; it advocates an end to theoretical controls and to theoretical inquiry'.
19. Van Luxemburg *et al.*, 1981: 204.
 20. Lotman, 1976: 31–41.
 21. Vergelyk Salmon (1973:14) se karakterisering van deduksie:
 - i. 'If all of the premisses are true, then the conclusion *must* be true.'
 - ii. All of the information or factual content in the conclusion was already contained, at least implicitly, in the premisses.'
 22. Simon, 1982: 124–125: 'What we mean when we say that a person has been caused to act in a certain way is that he has been given a reason for acting in that way and that he has acted for that reason. (...) Similar conditions give rise to similar actions because people appraise their *common situations similarly* and because the desires they have or have produced in them incline them toward making similar choices'.
 23. Denzin, 1978: 103: 'They *operationalize* those concepts through a careful analysis of their specimens. Starting with loose sensitizing definitions of their concepts, they empirically operationalize the concepts only after having entered the worlds of interaction that they wish to understand ...'
 24. Vergelyk bv. *The Times Literary Supplement*, 19 August 1983:888: 'Noam Chomsky is a woman. All women are over-rated linguists. Noam Chomsky is an over-rated linguist.'
 25. Aldus Göttner, 1977: 303: 'the most important scientific task: the setting up of forecasts'.
 26. Scholes, 1982:x: 'All human utterances are enabled and limited by systems or codes that are shared by all who make and understand such utterances'; Durisin, 1984:75: 'The characteristics of the work of art are not measurable by its isolation and exclusiveness, but by the degree of connection with the "literary surroundings", with the literary situation in the widest sense of the word'.
 27. Strydom, 1985: 49–52.
 28. Vergelyk Ibsch, 1977: 284–297.
 29. Volgens Durisin, 1984:80 is die begrip van wêreldliteratuur 'significant not only as the aim, but also as the point of departure for comparative study'; dit is 'a historical category' waarvan die kriterium is 'participation in the formation of the progressive developmental tendencies of the interliterary process' (Durisin, 1984:82); as sodanig is wêreldliteratuur 'no mere total of national literatures alongside each other, whether in synchronic or diachronic order, nor the sum of the greatest achievements of the individual literatures, but a complex of literary works (*liefs*: "*kommunikasiesituasies*"?) mutually ... conditioned in their development' (Durisin, 1984:102).
 30. Durisin, 1984:66: 'Thus the endeavour to attain the greatest objectivity of conclusions leads to the crossing of the frontier of national literatures towards the higher, interliterary communities and finally to world literature'.
 31. Oversteegen, 1980: 6: 'In het brede verband van de LW zijn beide, in hun wisselwerking, even nodig'.
 32. Fokkema, 1981: 180–183; Durisin, 1984: 66: 'This task (*comparatistics*) can be carried out only if we combine the literary-historical approach (...) with the theoretical'.

Verwysings

- Achinstein, Peter. 1983. *The nature of explanation*. New York: Oxford University Press.
- Böhme, G. 1975. The social function of cognitive structures: a concept of the scientific community within a theory of action. In: Knorr, K.D. et al. *Determinants and controls of scientific development*. Dordrecht: D. Reidel, pp. 205–225.
- Bronzwaer, W.J.M.; Fokkema, D.W.; Kunne-Ibsch, E. 1977. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo.
- Cook, T.D. and Campbell, D.T. 1979. *Quasi-experimentation*. Boston: Houghton Mifflin Company.
- Denzin, N.K. 1978.² *The research act*. New York: McGraw-Hill Book Co.
- Durisin, Dionyz. 1984. *Theory of literary comparatistics*. Bratislava: Veda.
- Ellis, John M. 1974. *The theory of literary criticism: a logical analysis*. London: University of California Press.
- Fokkema, D.W. 1974. The problem of generalization and the procedure of literary evaluation. *Neophilologus* 58 (3): 253–272.
- Fokkema, D.W. 1981. Vergelijkende literatuurwetenschap en het nieuwe paradigma. *Forum der Letteren* 23(2): 179–194.
- Genette, Gérard. 1982. Criticism and poetics. In: Todorov, Tzvetan (ed.). *French literary theory today: a reader*. London: Cambridge University Press, pp. 8–10.
- Goldstein, Leon J. 1969. Theory in history. *Boston studies in the philosophy of science* IV: 277–302.
- Gorrell, J.M. 1981. *The explanatory, heuristic and meaning-constituting functions of theoretical models*. Ph.D., Brown University.
- Göttner, Heide. 1977. Structures of theory in the study of literature. *PTL* 2:297–312.
- Hrushovski, Benjamin. 1976. Poetics, criticism, science. Remarks on the fields and responsibilities of the study of literature. *PTL* 1: iii–xxxv.
- Ibsch, Elrud. 1977. Periodiseren: de historische ordening van literaire teksten. In: Bronzwaer, W.J.M.; Fokkema, D.W.; Ibsch, E. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo, pp. 284–297.
- Kaplan, A. 1964. *The conduct of inquiry*. San Francisco: Chandler Publ. Co.
- Kerlinger, F. 1973.² *Foundations of behavioral research*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Lotman, Y. 1976. *Analysis of the poetic text*. Ann Arbor: Ardis.
- Margolin, Uri. 1980. The (in)dependence of poetics today. *PTL* 4:545–586.
- McKinney, John C. 1954. Constructive typology. In: Doby, J.T. (ed.). *An introduction to social research*. Harrisburg: The Stackpole Company, pp. 213–243.
- Mooij, J.J.A. 1979a. Over de aard van literaire theorieën: een hoofdstuk uit de filosofie van de literatuurwetenschap. *Wijsgerig Perspektief op Maatschappij en Wetenschap* 17(3):65–70.
- Mooij, J.J.A. 1979b. The nature and function of literary theories. *Poetics Today* 1(1–2):111–135.
- Mooij, J.J.A. 1980. Theory and observation in the study of literature. *Poetics* 9:509–524.
- Mouton, J.; Marais, H.C. 1985. *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe*. Pretoria: RGN.
- Oversteegen, J.J. 1980. *In gemengd gezelschap*. Utrecht: Rijksuniversiteit Utrecht. (Inaugurele rede, 22 september 1980.)
- Popper, K.R. 1963. *Conjectures and refutations*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Rudner, R.S. 1966. *Philosophy of social science*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Salmon, W.C. 1973.² *Logic*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

- Scholes, Robert. 1982. *Semiotics and interpretation*. London: Yale University Press.
- Selltiz, C. et al. 1965. *Research methods in social relations*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Simon, M.A. 1982. *Understanding human action*. Albany: SUNY Press.
- Strydom, Leon. 1985. 'n Kreatiewer literatuurwetenskap? *Journal of Literary Studies* 1(1): 43–56.
- Suppe, Frederick (ed.). 1974. *The structure of scientific theories*. London: University of Illinois Press.
- Todorov, Tzvetan (ed.). 1982. *French literary theory today: a reader*. London: Cambridge University Press.
- Van Dijk, Teun A. 1972. Foundations for typologies of texts. *Semiotica* VI: 297–323.
- Van Luxemburg, Jan; Bal, Mieke; Weststeijn, Willem. 1981. *Inleiding in de literatuurwetenskap*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Weber, Max. 1949. *The methodology of the social sciences*. New York: The Free Press.
- Weitz, Morris. 1956. The role of theory in aesthetics. In: Margolis, Joseph (ed.). 1962. *Philosophy looks at the arts*. New York: Charles Scribner's Sons, pp. 48–60.
- Weitz, Morris. 1964. *Hamlet and the philosophy of literary criticism*. London: Faber.